- 9.1 Die kandidaat moet kommentaar lewer oor hierdie sensitiewe werk. Dit handel duidelik oor pedofilie, of geforseerde seks teenoor 'n kind en die gevorige swangerskap. Aanvaar volwasse interpretasie met stawing. Om 4 punte te verwerf, moet die kandidaat minstens omgaan met twee aspekte, met 'n kommentaar oor die boodskap/reaksie deur die samelewing, soos die hand oor die kop, wat die kind se verleentheid en skaamte aandui, die moeder se skok, te sien aan haar verthewe hande en die teddiebeer wat wys hoe jonk/minderjarig die meisie is met wie dit gebeur het.
- (4)
- 9.2 Die kandidaat moet, deur te verwys na kunselemente, materiale en betekenis, kommentaar lewer oor hoe elk van hierdie werke 'n boodskap toon oor 'n geslagskwessie.
- In FIGUR 9b is die materiale rubber, regte jeans en veselglas. Hiobo is 'n homoseksuele man en in hierdie werk gebruik hy industriële materiale saam met persoonlike kleding, wat die werk hard en manlik maak. Die vorm van die man wat in die swart sak oorleun, wat aan die ander kant lyk soos die kop van 'n penis, verwys na die fisiese praktyke van homoseksualiteit. Die rubber vergeestelik die hele beeld op een of ander wyse en versteek die openlike gay kwaliteit in 'n abstraktheid. Die teksuur van die rubber verwys ook na kondome en herinner dus aan die man se seksualiteit en seksuele praktyke in die algemeen.
- Aanvaar relevante, insigryke en stawende kommentaar.
- In FIGUR 9c is dit die vorms en kleure wat die meeste uitstaan. Die rooi en wit kombers is 'n tradisionele stel kleure tydens besnydens-rituele vir sommige swart kultuurgroepe. Die aarvoeding en draagbaar aan die anderkant, sowel as die maskeragtige vorm middel bo, verleen 'n meer makabere/ernstige boodskap aan hierdie werk. Dit verwys na die gevare en moëlikhede met die toetreding tot manlikheid. Die voedoe-tipe poppe links en regs is ook van hierdie kombere gemaak, maar is vasgedraai met tou/lyn, wat verder dui op die gevangenskap of beletsels geplaas op manlikheid.
- Aanvaar logiese en stawende kommentaar. Onthou dat kandidate kommentaar kan lewer oor ander elemente.
- (6)
- 9.3 Die kandidaat moet TVEE werke van 'n kunstenaar kies. Die werke moet benoem en beskryf word en dan evalueer word in terme van hoe hul die publiek gevoelig gemaak het vir geslagskwessies. Kandidate moet aandaag skenk aan afbeelding en betekenis, asook die styl en of dit 'n impak het op die betekenis.
- Die opstel behoort nie langer as twee bladsye te wees nie.
- (10)
- [20]

VRAAG 8

KUNS EN DIE SPIRITUELE RYK

8.1 Die kandidaat mag enige **drie** beelde bespreek. Hulle is: Die kamer self, die banier van die Sioniste Kerk van God, die moeder wat haar kind vashou, die kerse, die kruis, die klavier.

- Die nederige kamer mag daarop dui dat armoede nie aanbidding of geloof weerhou nie en dit verbind die gewone, arm mens aan God/gelooftseis, veral Christenskap in hierdie werk.
- Die Sioniste-kerkbanier toon 'n populêre kerk tussen miljoene Afrikaner, dus inklusiwiteit vir hierdie mense.
- Die moeder en kind is 'n eeu-oue simbool van Maria en Jesus, een van die hoof-simbole van die Christelike geloof en verteenwoordig beskerming en liefde van 'n moeder teenoor haar kroos.
- Die kerse kan spreek van die lig van die wêreld, Jesus Christus. Dit kan ook spreek van godsdienstige lig, soos in geloofs-insig.
- Die kruis is die wêreldbekende simbool van Jesus se sterwe aan die kruis vir alle sondars.
- Die klavier is kleinburgerlik. Dit verleen intimiteit, normaliteit en 'n alledaagse kwaliteit aan hierdie tablo.

Aanvaar enige ander logiese analise, met stawing, van hierdie afbeeldinge.

(6)

8.2 Die kandidaat moet bespreek hoe kleure, styl en onderwerpmateriaal hierdie werk spiritueel maak.

Die kleure is warm, goudkleurig gloeiend en laat die werk buite-fisies voorkom. Dit gaan oor tot 'n spirituele impak, as gevolg van hierdie ligte kontraste, die gloeiende witterige gele en die geheiminnige skadu's agter die figure. Die Styl is lossies naturalisties, wyl dit die kyker in 'n realistiese interpretasie hou. Die onderwerpmateriaal in die Linker-paneel handel met die dooies, soos gesien aan die geraamte en skedel, wat afkyk, asof nadenkend oor die lewe wat geleef is. Die Regter-paneel toon 'n meer lewendige persoon, met lewendige gesig, omring deur talle hande, asof in 'n self-omhelsing. Die figuur is egter ook half skedelagtig en die spiraal onder die geboue bene, tesame met die baie hande, neem die werk na 'n ryk wat nie van die egte wêreld is nie.

(5)

Aanvaar relevante, stawende kommentaar.

Die kandidaat moet een of twee werke kies deur 'n kunstenaar of kunstenaars en 'n opstel skryf van een tot een en 'n halwe bladsye. Punte word toegeken vir benaminge en name van kunstenaars. 'n Bespreking van hoe lynn en kleure 'n geestelike gevoel of spiritualiteit definieer al dan nie, moet volg. Laastens moet die kandidaat die boodskappe bespreek wat in die beelde vervat word. 'n Gids vir punte is om nie meer as 2 punte vir benaminge/namete gee nie en die ander 7 punte te verdeel tussen die bespreekte werke. Maak seker die kandidaat het sowel aan lynn as kleure aandag geskenk.

[20]

(9)

## VRAAG 7

## MULTIMEDIA: ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS

- 7.1 Die objekte is elektriese kabelaard en rooi ambulansligte – die toepaslikheid van die beelde is dat daar talle aaklige situasies in ons land is wat dringende ingryping benodig, soos deur die ambulansligte weergegee en die feit dat dit alles in 'n hoop lê, dui op 'n ineenstorting van die vermoë om situasies reg te stel.
- Om "wolf" te skree, beteken om vir hulp te roep en die storie is dat 'n herhaalde teryg-roep telkens wanneer daar geen hulp nodig was nie, tot gevolg gehad het dat toe hulp waarlik dringend nodig was en hy weer geroep het, familie en vriende nie gekom het nie, onder die indruk dat dit weer slegs 'n geryg was. Hierdie benaming toon Geers se siening van ons werklikheid, dat dit tyd is vir hulp, maar geen hulp kom na vore nie.
- (4) Aanvaar logiese interpretasie met stawing.
- 7.2 Hierdie werk is alternatief, want dit is oorgroot, waar moderne, ruwe materiaal, soos staal gebruik is en omdat dit swewend is bokant openbare ruimte, soos 'n wrekende engel. Dit is kontemporêr omdat dit 'n werk is wat vorige grense van openbare kuns verbreek het. Baie min, indien enige sulke groot werke met sulke ingenieurs-uitdaging, is vantevore gedoen. Die natuurlike verroesting van die materiaal, mag gesien word as die degenerasie van die moderne wêreld. Aanvaar relevante en stawende kommentaar.
- (2)
- 7.2.2 Die kandidaat moet debatteer daaroor of hierdie werk universeel is al dan nie, met stawing. Die beeld van 'n engel is beslis 'n universele een, dus kan gesê word dat dit universeel is. Die raamwerk van staal verteenwoordig moderne staal geboue-konstruksie en kan dus mée geïdentifiseer word deur die meerderheid mense op aarde. Aanvaar onafhanklike en logiese kommentaar met stawing.
- (2)
- 7.3 Die beeld van die skedel in die "Black Box" werk, mag die dood van menslikheid of intellek/beskawing verteenwoordig. Die merke op die skedel, wat vermeerder in die ander rame, toon die onveriddelike bombardeer van die persoon, die denke, die intellek in ons wêreld. Die woorde en nommers wat oor die verhoog geplaas is en die skedel, is wyskundig, verwysend na kenninge se vertroutheid met Vrymesselaars-teorie. Die wiskunde mag in 'n algemene sin sinspeel op orde teenoor chaos. Die indirekte betekenis is oor hoe mense telkens is van vernietiging en van die benaming, hoe die verwoesting gelees moet word van die nagelate bewyse. Aanvaar logiese, stawende interpretasie.
- (3)
- 7.4 Die kandidaat moet twee werke kies deur enige kunstenaars wat multi-media gebruik. Hulle moet die kunstenaars en werke benoem en elke werk evalueer in terme van afbeelding, kunselemente en boodskappe.
- (9)

[20]

**VRAAG 6**

**ROL VAN FORMELE EN INFORMELE SKOLE IN DIE OPLEIDING VAN KUNSTENAARS IN SUID-AFRIKA GEDURENDE EN NA APARTHEID**

- 6.1 Die kandidaat moet 'n opstel skryf van een tot een en 'n derde bladsye:
- FIGUR 6a kom van Pollystraat, waar waterverfklasse een van die hoof vorms van kunstonderrig was. Die losse Impressionistiese styl is ook aanduidend van die invloed van die beweging van die laat 1800's en die impak daarvan op Suid-Afrika in die vroeë 1900's en daarna. Die struktuur van hierdie werk toon die tradisionele komposisie waar afbeeldings egalig verspreid is, op 'n visuele interaktiewe wyse, met goeie harmonie en balans. Die waterverf is tipies van die Pollystraatskool.
- FIGUR 6b is by Ardmore in Natal gedoen, die skool met keramiek van hoogs dekoratiewe en kleurvolle aard. Die styl is dekoratief, met liniêre patrone en afwisselende kleur, met 'n effense invloed van die Russiese Faberge eiers. Die klei en helder gekleurde glasur, is tipies van Ardmore.
- FIGUR 6c is by Rorke's Drift skool gedoen, waar linoonse (saam met keramiekwerk) twee van die hoof kunsvorms is wat beoefen was. Die verhalende aard van hierdie linoonse, waar kulturele gebeure en lewenswyse verbeeld is, is tipierend van die werk van Mutafangejo. Die styl is plat, gestilleerd en vorms is vereenvoudig tot veralgemeende ritmiese patrone. Linoonse op papier was kenmerkend van Rorke's Drift.
- FIGUR 6d is in die Kaapstadse CAPS informele skool gedoen en kan gesien word aan die openlik politiese aard van die plakate, wat gemaak is vir verspreiding aan die publiek, in 'n tyd in die geskiedenis van Suid-Afrika, na die roeringe van die 1980's. Die styl is ekspressief en liniêr, die vorms astrant en vereenvoudig, om waarneming te vergemaklik en die struktuur toon 'n sterk kombinasie van beelde en letterwerk, alles tipies van hierdie informele skool en plakkaatmakery. Papier en ink is gebruik en was goedkoop materiale, wat koste-effektief was in die maak van baie kopieë vir massa-vertoon.
- Kandidate moet 2 kies. Aanvaar relevante en stawende kommentaar.
- (8)
- 6.2 Die kandidaat moet drie werke kies deur kunstenaars wat by informele skole gestudeer het. Hulle mag NIE werke kies van die vraestel NIE. Die kunstenaars kan van meer as een informele skool wees.
- Punte word toegeken vir name van kunstenaars, benoeming van onderwerpmateriaal, style en die effekter van hierdie style, asook die boodskappe van die kunswerke. (3 werke x 4 = 12)

[20]  
(12)



## VRAAG 5

## KUNS EN MAG: GEDENKGEBOUE, KUNSWERKE EN GEDENKTEKENS

- 5.1 Die kandidaat moet 'n opstel skryf van een tot een en 'n halwe bladsye. Vergelyk al drie.
- Materiale:** Die materiale van FIGUR 5a is staal, glas en draad leesbril, almal breekbare materiale, wat dit 'n tengerheid en brose karakter gee. Dit is anders as die sterkte van hout en metaal van FIGUR 5b, wat 'n stewige impak gee aan die kyker. In FIGUR 5c is die sement, staal en plastiek van die Vigs-gedenkteken modern en sterk, met die voorstelling van 'n tydlose aard van die stryd teen hierdie siekte.
- Die **plasing**s van hierdie gedenktekens nou! almal openbare interaksie uit. Die Auschwitz-gedenkteken is binne-in 'n gallery, teen 'n muur, wat die impak van kille gevangenskap verhoog, terwyl "Hoe koppe praat" in FIGUR 5b, in 'n gallery is, wat daaraan 'n kunstige, feeslike impak gee, terwyl die laaste gedenkteken buite is en die een is so groot, dat dit hierdie ruimte domineer en die boodskap oor Vigs baie kragtig maak.
- Die **boodskap** van FIGUR 5a is hoe baie duisende menslike wesens uitgeroei is in die konsentrasiekampe van Nazi-Duitsland en hoe skrywend die oorblyfsels van daardie lewens is. Die boodskap van FIGUR 5b het meer te doen met mitologie en voorouers van Afrika en die statigheid van goeie kulturele oorblyfsels. Die Vigs-gedenkteken is anders omdat dit die duidelike Vigs-lint vorm het, wat die solidariteit van alle mense toon met diegene wat Vigs het. Die rooi simboolseer die bloed en sluit aan by die idee van die siekte wat deur bloed versprei en ook die passie van liefde.
- Aanvaar relevante en stawende kommentaar/vergeljking. (9)
- 5.2 Die lint-vorm van die Vigs-gedenkteken, is 'n lengte van omgevou lint, om die herkenbare lus te vorm. Dit begin op die grond, verrys in die lug op en keer weer 'n ent verder, terug na die grond. Dit simboliseer hoe mense in solidariteit saamstaan met diegene wat die siekte onder lede het en die twee bene van die vorm mag die twee pole van die mensdom aandui – die wat die siekte het en die wat die siekes ondersteun. Die gekurde vorm van die boonste gedeelte herinner mens aan die ewige aard van die siekte, van lewe en dood.
- Aanvaar relevante idees, met staving. (2)
- 5.3 Die kandidaat moet met wysheid kies! Kies TWEE monumente of gedenktekens en skryf 'n analitiese opstel oor een tot een en 'n halwe bladsye.
- Punte word toegeken vir: name van kunstenaars, benamings van gedenktekens, kommentaar oor materiale en die impak van materiale. Ook die belang van die opsette en die estetiese waarde vir die kykerspubliek.
- (9)

**KUNS EN KUNSVLYT**

**VRAAG 4**

- 4.1 Teikenmark van FIGUR 4a: Bo-punt verbruikers met geld. FIGUR 4b: Toeriste en meesal jonger generasie mense met 'n belangstelling in die vlytaardiges van die land. Kopers van FIGUR 4c mag winkelaenars van modieuse plaaslikvervaardigde ware vir die toeristemark wees en ook huiseenars, veral kunssinnige en eksperimentele moderne denkers. Aanvaar enige ander logiese antwoord met stawing deur middel van redes. (4)
- 4.2 Die kandidaat mag enige van die drie kies as arbeids-intensief, met 'n rede, want almal verg baie werk met sny en inleg van patroonstukke. Die bedrag van silinders neem ure van geduldige inryg van krale in beslag en dan die maak van getraaiingde onderste stukke. Die kandidatear verg ook vele ure vir die ponsing van gaatjies en inryg van bottelproppe en glaskrale aan die struktuur. Die kandidaat moet 'n logiese prys daaraan heg, met 'n rede. (2)
- 4.3 Die kandidaat moet slegs vergelyk in terme van koste-effektiwiteit en omgewingsvriendelike status: FIGUR 4b is waarskynlik duurder om te maak, daar die krale en leer die items is wat aangekoop moet word, maar die kandidatear sal ook koste verg vir die aankoop van glaskrale, wat dit duurder mag maak. In FIGUR 4c aan die ander kant, word alle materiaal behalwe die draad en krale, herwin. Beide is egter redelik om te produseer, buiten die arbeid, wat vir beide lank duur. Dit is die arbeids tydperk wat die prys sal opjaag. FIGUR 4c is moonlik meer omgewingsvriendelik daar bottelproppe gebruik word, wat andersins in baie gebiede as rommel sou rondle. (4)
- 4.4 Die kandidaat moet een vlytkunstenaar kies en analitiese kommentaar lewer oor meer as een werk. Sluit kommentaar in oor materiale, funksionaliteit of dekoratiewe kwaliteit en gewildheid van die items. (10)

[20]

## VRAAG 3

## KUNS EN POLITIEK: WEERSTANDSKUNS IN SUID-AFRIKA EN DIE RES

## VAN DIE WÊRELD

- 3.1 Die tema van Hassan Moosa se "Great American Nude" is 'n satiriese interpretasie van hoe Moslem-kultuur Amerikaanse-kultuur oorheers het, soos aangedui deur die naaktfiguur, duidelik Osama Bin Laden, wat bo-op die Amerikaanse vlag lê en minagting toon vir die vlag. Verder vertel inder die motorfietse skynbaar die Amerikaanse verwondering oor vashou, agter die motorfietse in en die versteepte boodskap is naamlik sy selfbestuur van die VSA en tart bin Laden self. Kleure is die blou en rooi van die Amerikaanse vlag, met effe warm oranje tone en dit laat die werk helder, gelukkig en skadeloos op die oppervlak vertoon.
- (4) Aanvaar enige ander logiese verduideliking met stawing.
- 3.2 Die kandidaat moet in nie meer as 10 reëls nie, die afbeelding, kleur en boodskap bespreek in terme van 'n Weerstandswerk.
- 3.1 Die tema van Hassan Moosa se "Great American Nude" is 'n satiriese interpretasie van hoe Moslem-kultuur Amerikaanse-kultuur oorheers het, soos aangedui deur die naaktfiguur, duidelik Osama Bin Laden, wat bo-op die Amerikaanse vlag lê en minagting toon vir die vlag. Verder vertel inder die motorfietse skynbaar die Amerikaanse verwondering oor vashou, agter die motorfietse in en die versteepte boodskap is naamlik sy selfbestuur van die VSA en tart bin Laden self. Kleure is die blou en rooi van die Amerikaanse vlag, met effe warm oranje tone en dit laat die werk helder, gelukkig en skadeloos op die oppervlak vertoon.
- (4) Aanvaar enige ander logiese verduideliking met stawing.
- 3.3 Die kandidaat moet 'n opstel skryf van nie meer as een bladsy nie.
- Boshoff se Gehime Brieue spreek van baie oproerigheid, opstande en domaanvalle wat in die ou Suid-Afrika plaasgevind het voor 1994 en gedurende die tyd toe Mandela in die tronk was. Gedurende daardie tyd is Nelson Mandela en ander politieke gevangenes nie toegelaat om enige inligting te ontvang oor wat buite die tronk gebeur het nie. Hulle het dikwels brieue in die geheim ontvang, vandaar die rosette wat die verfrommelde brieue voorstel wat in die geheim in die gate van die heining gedruk is. Die geskryf op die kaartjies ontbloot die hooftgebouere van die tyd. Die konsep van ogiesdraadheining waarin hierdie "Brieue", gemaak van materiaal, gedruk is, met gedrukte aantekeninge daarop, stuur 'n boodskap dat die SA mense self gevangenes is binne hierdie heining. Dit dien ook as 'n graffiti-muur, waarin hierdie diverse boodskappe gesien kan word oor die onregmatigheid en oproer in Suid-Afrika in die tyd. Die rangskikking van die brieue is beknopt en hang aan die heining soos vull wasgoed – 'n versluiserde stelling oor hoe aaklig dit is om 'n mens se vull wasgoed in die openbaar uit te hang en hoe erg daardie gruweladade in die ou Suid-Afrika was voor 1994. Die materiale (heiningdraad en lap) is algemene alledaagse materiale en dit verbind baie kragtig met alleman. Die gelyk, stewig-gepakte en vol komposisie, waar daar geen fokuspunt is nie, roep elke kyker op om daarmee te identifiseer. Dit is 'n algeheel universele komposisie en sluit ons almal in hierdie vergrype in.
- 3.4 Kandidate moet enige weerstandskunstenaar kies en die werk MAG NIE OP DIE VRAESTEL VOORKOM NIE. Hul moet 'n opstel skryf van een tot een en 'n halwe bladsy. Beskrywing en analise is belangrik. Afbeelding, kunselemente en boodskappe moet hanteer word.
- (8) [20]

**VRAAG 2**

**SOEKE NA 'N AFRIKA-IDENTITEIT IN SUID-AFRIKAANSE KUNS SEDERT 1950**

Kandidate moet 3 ander kunstenaars kies, asook kommentaar lewer oor die drie wat geïllustreer is. Opstel van twee tot twee en 'n halwe bladsye. Bespreek al 6 kunstenaars. Analisering van onderwerpmateriaal.

Hoë kleur, patroon, teksture en vorms spreek van Afrika-kwaliteite, plus stawing.

FIGUR 2a handel oor twee figure by 'n opening wat lei na 'n abstrakte gebou/landskap. Een is skynbaar in wapenuusting geklee en die ander na links hou 'n musiek-instrument. Afbeelding is surrealisties, jukstaplasings is vreemd en die implikasie van Lente soos afgebeeld deur die plantvorm geplaas langs die meer abstrakte figuur, spreek van 'n inleiding tot lewe/seisoene. (Aanvaar sinvolle interpretasie). Die skerp spiesagtige vorms is tipierend van Afrika, net soos die sekelvorms. Die patroon van die hoofbedekking van die regterkantse figuur, is soortgelyk as die opgewende hooftooisels van Afrika-vroue. Tekstuur speel geen rol nie.

In FIGUR 2b het Quin 'n boom-vorm in sterk, liniêre abstraksie gebruik. Dit kom voor as twee menslike figure wat vorentoe beweeg en die skakel tussen mens en natuur is duidelik in hierdie werk. Die dun vorms, soos abstrakte takke, reik vertikaal, terwyl die patroon van die ses uitwaartse bene, die hele vorm stewig anker op die grond en koppel die idee van mens en boomwortsels. Die kleur van hierdie werk is brons, wat dit met die aarde koppel. Die vereniging van mens en aarde wat verwys na godsdienslike beginsels van Afrika, sowel as die brons kleur, verleen 'n Afrika-kwaliteit aan die werk.

Swart Soos Ek, FIGUR 2c, het slegs swart, wit en brons munt-kleur en is 'n meer moderne stel afbeeldings. Die munte rondom die kop plaas die werk in 'n Dada-kategorie. Deur die gebruik van 'n beroemde handelsmerk-gesig (Kentucky Fried Chicken) as onderwerpmateriaal en met die hare in 'n Afro-styl, het die kunstenaar hierdie internasionale merk een van Suid-Afrika se gunsteling identifiseerbare gemaak. Die werk verwys dus in die besonder na Suid-Afrikaanse Swart mense as gevolg van die haarstyl. Tekstuur is glad, wat sindekligheid en effektiwiteit verleen aan hierdie beroemde merk. Die geld om die kop kan die materialisme van die samelewing uitlig.

Aanvaar logiese en gestaaftde feite vir al ses werke. Dit is 'n analitiese opstel.

Punte word toegeken vir die name en benoemings van die ander 3 werke en die analisering daarvan.

[20]

## VRAAG 1

## DIE OPKOMENDE STEM VAN SWART KUNS IN DIE 1950'S EN 1960'S.

1.1 Die **komposisies** verskil daarin dat in FIGUR 1a die rangskikking vertikaal is en in FIGUR 1b is dit horisontaal, met die lugruim wat die boonste derde van die struktuur besaan. Die eerste werk het 'n struktuur wat egally verdeel is na links en regs, wat aan die werk 'n soliede balans verleen. In die tweede werk besaan die lugruim een derde van die formaat, wat die grond se ruimte groter dominsie gee, waar die wildheid van die township weergegee is. Beide werke het 'n sirkelvormigheid wat die komposisies domineer, die handvatsels van die deure wat sentraal geplaas is en die maan wat bo in die lug effe weg van die middel geplaas is.

**Tekstuur** in (a) is ru en gaterig, wat dit aards en oud laat voorkom, terwyl die tekstuur in (b) wilder is, geskep deur die los, ekspressiewe verfhale. Die betekenis in (a) suggereer hier 'n geskroeiende kwaliteit, wat gekoppeld is aan die benaming van Doping van Vuur, wat miskien sê dat enige nuwe reis moeilik kan wees. Die betekenis in (b) is afgelei van die tekstuur, dat "township"-lewe ru en moeilik is, dieselfde as (a). **Patroon** is beperk tot die twee reghoëke en geluste string in (a), toon 'n perfekte balans, maar patroon is nie in (b) teenwoordig nie. Die styl van gebrande panele, met byvoegings van plakkette en string/krale, is abstrak en organies. Die klein skroeiemêre is toevallig en geen van die vorms stel iets herkenbaar voor nie. Dit is nóg goed, nóg sleg en dit hang van die kyker af om betekenis te sien.

Die hoof **onderwerpmateriaal** van (a) is twee "deure" met 'n sirkelvormige klamp in die middel daarvan, wat die deure verbind. Dit lyk na die ingang tot 'n argief, of 'n gedenkplek. Die onderwerpmateriaal van (b) is "township"-huise in rye, baie los uitgebêeld, sodat die detail veralgemeen is om te toon hoe die kunstenaar die ruheid van die omgewing sien. Dit gee 'n boodskap van armoede, van wildheid en van gevaar. Die twee werke stel verskillende boodskappe voor, die eerste van stilte, bepeinsing en mistêrie, en die tweede 'n dramatiese boodskap van wilde fisiese realiteit van "township"-huise in die nag.

1.2 Kandidaat moet een werk elk kies by TWEE opkomende kunstenaars en 'n opstel skryf van minstens een tot een en 'n halwe bladsye. Hoe die kunstenaars die opkoming van 'n Afrika-stem-bewys het. Name en benamings, onderwerpmateriaal/betekenis, kunselemente en hoe dit boodskappe oordra.

(10) [20]

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

PUNTE: 100

**VISUELE KUNSTE V1  
MEMORANDUM**

**SEPTEMBER 2013**

**GRAAD 12**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

